**DIE BRIEF VAN DIE APOSTEL PAULUS**
**AAN DIE GEMEENTE VAN JESUS CHRISTUS IN DIE STAD ROME.**

Die brief van die apostel Paulus aan die gemeente van die Here in die stad Rome is so tussen die jare 55 tot 58 n.C. geskryf. Dit is aan die einde van sy derde sending reis. Hy is op pad om kollektegeld na die arm Joodse Christene in Jerusalem te vat: "[25] *Maar nou is ek eers op pad Jerusalem toe met geldelike hulp vir die gelowiges daar*." (Rom.15)

Hy het hierdie kollekte ingesamel by Christene uit Griekeland: "[26] *Die gemeentes in Masedonië en Agaje het dit naamlik goedgedink om iets by te dra vir die armes onder die gelowiges in Jerusalem.* [27] *Hulle het self so besluit,*" (Rom.15)

Hierdie kollekte is deel van 'n onderneming, wat Paulus en sy kollegas, so ongeveer tien jaar vantevore aan die Christene in Jerusalem gemaak het. Dit was tydens die heel eerste kerklike vergadering soortgelyk aan sinodevergaderings van vandag: "[9] *Toe hulle dan ingesien het dat God my hierdie voorreg gegee het, het Jakobus, Sefas en Johannes, wat beskou is as die pilare van die gemeente, my en Barnabas die regterhand gegee as teken dat ons en hulle medewerkers is. Ons het ooreengekom dat hulle die evangelie aan die Jode sou verkondig, en ons aan die nie-Jode.* [10] *Al wat hulle gevra het, is dat ons nie die armes onder hulle moet vergeet nie. Ek het my dan ook steeds vir hierdie liefdesdiens beywer.*"
(Gal.2)

Paulus beplan om met hierdie kollektegeld na Jerusalem te gaan. Daarna wil hy by die gemeente in Rome aangaan op pad na Spanje toe.

Paulus wou al vir baie jare 'n sendingreis na Spanje onderneem, maar sy sendingwerk in Griekeland en die gebied wat ons vandag as Turkye ken, het hom te besig gehou. Nou voel Paulus die werk in hierdie gebiede is klaar en kan hy sy sendingwerk na Spanje uitbrei:
"[23] *Maar nou is daar vir my in hierdie streke nie meer 'n nuwe arbeidsveld nie, en ek koester al baie jare die begeerte om julle te besoek* [24] *as ek na Spanje toe gaan. Ek hoop om julle dan op my deurreis te sien; trouens, ek sou graag ook eers 'n tydjie by julle wou deurbring en dan met julle hulp verder na Spanje toe reis.* [25] *Maar nou is ek eers op pad Jerusalem toe met geldelike hulp vir die gelowiges daar.* [26] *Die gemeentes in Masedonië en Agaje het dit naamlik goedgedink om iets by te dra vir die armes onder die gelowiges in Jerusalem.* [27] *Hulle het self so besluit, en hulle is dit buitendien ook verskuldig, want as die gelowiges uit die Jode hulle geestelike rykdom met die heidennasies gedeel het, is die gelowiges uit die heidene dit aan die gelowiges uit die Jode verskuldig om hulle met stoflike hulp by te staan.* [28] *As ek daarmee klaar is en die volle bedrag wat ingesamel is, veilig aan hulle besorg het, sal ek by julle langs na Spanje toe reis."*(Rom.15)

Paulus was besorg oor sy eie veiligheid in Jerusalem.

Die Jode was woedend oor wat Paulus in die gebiede van Griekeland en Turkye gedoen het. Hulle wou hom doodmaak oor die boodskap wat hy verkondig het.

Hy was ook nie seker oor hoe die kollekte in Jerusalem ontvang sou word nie. Hy was ook redelik moeg van al die sendingwerk met al die eise wat dit aan hom as persoon en sy gesondheid gestel het:
"[30] *Ek versoek julle dan dringend, broers, in die Naam van ons Here Jesus Christus en op grond van die liefde wat van die Heilige Gees kom: Stry saam met my deur vir my te bid* [31] *dat God my veilig mag hou tussen al die ongelowiges in Judea en dat my hulp aan Jerusalem aanvaarbaar mag wees vir die gelowiges daar.* [32] *En as dit die wil van God is, sal ek vol blydskap na julle toe kom om 'n tydjie by julle te rus.* [33] *God wat vrede gee, sal by julle almal wees!*" (Rom.15)

Die rede vir die Jode se woede en haat teen Paulus was, gedeeltelik as gevolg van die wyse waarop hy die evangelie verkondig het, maar hoofsaaklik as gevolg van die inhoud van die boodskap wat hy as prediker verkondig het.

Wat was Paulus se werkswyse op sy sendingreise?

Lukas, een van Paulus se kollegas en 'n medewerker van Paulus, beskryf dit in die boek Handelinge as volg:

"[2] *Toe hulle op 'n keer bymekaar was om die Here te dien en om te vas, het die Heilige Gees gesê: "Sonder Barnabas en Saulus vir My af om die werk te doen waarvoor Ek hulle geroep het."* [3] *Nadat die gemeente gevas en gebid en hulle die hande opgelê het, het die gemeente hulle laat gaan.*[4] *So is Barnabas en Saulus deur die Heilige Gees uitgestuur. Hulle het na Seleukië toe gegaan en daarvandaan na Siprus toe oorgevaar* [5] *en in Salamis aangekom. Daar het hulle die woord van God in die Joodse sinagoges verkondig. Hulle het Johannes by hulle gehad om hulle te help…*[14] *Maar hulle het die reis van Perge af voortgesit en in Antiogië in Pisidië gekom. Op die Sabbatdag het hulle na die sinagoge toe gegaan en daar gaan sit.* [15] *Ná die voorlesing uit die wet en die profete het die raadslede van die sinagoge hulle laat weet: "Broers, as julle vir die volk 'n woord van bemoediging het, praat maar.*" [16] *Paulus het opgestaan, met 'n handbeweging aandag gevra en gesê: "Israeliete en godvresendes, luister!*" (Hand.13)

Paulus se algemene werkswyse was om in al die dorpe waar hulle gekom het op die Sabbatdag na die Joodse sinagoges toe te gaan. Tydens die sinagoge byeenkomste was daar geleentheid vir Jode om die vergadering toe te spreek. Uit hierdie gesprekke in die sinagoges het Jode en nie-Jode tot geloof in die Here gekom. Dan het hulle, hulle eie byeenkomste begin buite die sinagoges. So is die eerste Christelike gemeentes gevorm.

Paulus was 'n Jood en het met hierdie byeenkomste as kind grootgeword.

Omdat hy 'n Jood was, is hy ook deur die Jode as lid van die sinagogevergaderings aanvaar. Hy het op grond van sy Joodse agtergrond die reg gehad om ten volle deel te wees van hierdie sinagoge-dienste.

Dit wys ons hoe wydverspreid was die Joodse gemeenskap en godsdiens oor die Romeinse Ryk. Die Jode was ook aktief besig met sendingwerk onder al die nasies waar hulle gewoon het.

Die Joodse boodskap dat daar net een God is met ʼn vaste wet waarvolgens hulle moes leef, was ʼn magtige krag tussen die nasies waar daar duisende gode gemaak en vereer is terwyl elkeen geleef het net soos hy wou.

Die byeenkoms van die Jode tydens die Pinksterfees in Jerusalem gee ons ʼn goeie aanduiding van hoe wyd die Jode oor die Romeinse Ryk versprei was:

"[5] *Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon.* [6] *Toe die mense die geluid hoor, het ʼn groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie.* [7] *Verras en verbaas sê hulle toe: "Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs.* [8] *Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal?* [9] *Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië,* [10] *Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome,* [11] *Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere-ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het*."

Paulus se besorgdheid oor sy eie veiligheid gaan oor hierdie Jode wat uit al die dorpe waar hy gewerk het, berigte oor wat hy in die sinagoges gedoen het na die hoogste Joodse gesag, die Sanhedrin, in Jerusalem, gestuur het.

Omdat Paulus ʼn Jood was, het die Sanhedrin werklike gesag oor hom gehad. Volgens die Romeinse Ryk se wette is die gesag van die Sanhedrin erken as openbare gesag en kon hulle daadwerklik teen Paulus wetlik optree.

Dit is presies wat met die Here Jesus Christus gebeur het. Hy het onder die Sanhedrin se gesag geval en hulle het met hierdie gesag binne die Romeinse Ryk teen hom opgetree.

Dit is hoekom Paulus besorg is oor sy veiligheid tydens sy besoek in Jerusalem om die kollekte te oorhandig.

Hierdie besorgdheid van Paulus was nie ongegrond nie. Jode uit die gebiede waar hulle vanuit die sinagoges sendingwerk begin het, het hom tydens sy besoek aan Jerusalem in die tempel gesien.

Hulle was woedend oor hy die tempel in Jerusalem besoek terwyl hy in die dorpe in Turkye en Griekeland geleer het dat die tempel en al die Joodse seremonies nie meer nodig is nie. Dit het tot sy inhegtenisname deur die Romeinse polisie gelei. Op hierdie wyse het hy uiteindelik wel na Rome gegaan, maar toe as ʼn gevangene.

"[27] *Toe die sewe dae van die reiniging byna om was, het Jode van die provinsie Asië vir Paulus by die tempel gesien. Hulle het die hele skare aangehits en vir Paulus gegryp.* [28] *"Israeliete, kom help!" het hulle geskreeu. "Hier is die man wat ons volk, die wet van Moses en die tempel oral aanval. Nou het hy boonop nog Grieke in die tempel ingebring en hierdie heilige plek ontheilig."* [29] *Hulle het dit gesê omdat hulle vantevore vir Trofimus van Efese saam met Paulus in die stad gesien het en gedink het dat Paulus hom in die tempel in geneem het.* [30] *Die hele stad het in beroering gekom. Die mense het saamgedrom, vir Paulus gegryp en hom uit die tempel uitgesleep. Die deure is dadelik agter hulle toegesluit.* [31] *Die mense wou hom net doodmaak. ʼn Boodskap is toe na die*

*kommandant van die Romeinse garnisoen toe gestuur dat die hele Jerusalem in oproer is.* [32] *Hy het onmiddellik met soldate en offisiere na die oproer toe gehardloop. Toe die skare die kommandant en sy soldate sien, het hulle opgehou om vir Paulus te slaan.* [33] *Die kommandant het na Paulus toe gegaan, hom gevange geneem en beveel dat hy met twee kettings geboei moet word. Daarna het hy probeer vasstel wie die man is en wat hy gedoen het.*

Paulus is ook terwyl hy die brief skryf onseker oor hoe die kollekte deur die gemeente in Jerusalem ontvang gaan word.

Hierdie onsekerheid het gegaan oor die verskil tussen die Joodse Christene en Christene uit die nie-Joodse volke uit die sendingwerk van Paulus. Daar was ook 'n verskil tussen die godsdienstige gebruik van party apostels van die Here in Jerusalem, en Paulus.

Van die Joodse Christene het gevoel dat mense wat uit die ander nasies in Jesus Christus as Here begin glo het, hulle ook moes laat besny het, net soos hulle as Jode besny was.

Dit aan die een kant. Aan die ander kant moet ons onthou dat die apostels en Christene in Jerusalem nog steeds die tempel op die Sabbatdag besoek het en die seremonies van die Ou Testament onderhou het terwyl hulle as Christene hul eie eredienste buite die tempel gehou het.

Hieroor het Paulus baie sterk standpunt ingeneem: die Christene uit ander nasies mag nie besny word nie en mag ook nie gedwing word om die Joodse Sabbatdag en ander seremonies te onderhou nie.

Hulle mag nie besny word nie.

"[8] *Wie het julle omgepraat? Nie God nie; Hy roep julle tot gehoorsaamheid.* [9] *'n Bietjie suurdeeg deurtrek die hele deeg.* [10] *Ons band met die Here gee my die vertroue dat julle net so sal dink soos ek. Maar die man wat vir julle in verwarring bring, wie hy ook al mag wees, God sal hom straf.* [11] *Wat my betref, broers, as ek nog verkondig dat 'n mens besny moet word, waarom word ek dan nog vervolg? Dan is die kruis as struikelblok mos uit die weg geruim.* [12] *Ek wens die mense wat dié verwarring onder julle stig, wou hulleself dan maar heeltemal ontman!*" (Gal.5)

Hulle mag nie gedwing word om die seremonies van die Ou Testament te onderhou nie.

"[16] *Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die Sabbatdag moet vier nie.* [17] *Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus.* [18] *Moenie dat iemand wat behae skep in danige nederigheid en in die aanbidding van engele en wat voorgee dat hy allerhande visioene gesien het, julle daarmee mislei nie. So iemand verhef hom oor wat hy in eiewaan van homself dink,* [19] *en hy hou nie aan die hoof, aan Christus, vas nie. Uit Christus groei die hele liggaam, ondersteun deur die gewrigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei.* [20] *Julle het saam met Christus gesterwe en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld. Waarom lewe julle dan nog asof julle aan hierdie wêreld behoort? Waarom gehoorsaam julle allerhande voorskrifte* [21] *soos: "Hieraan mag jy nie vat nie!" "Daaraan mag jy jou mond nie sit nie!" "Daaraan mag jy nie raak nie!"?* [22] *Dit gaan alles oor dinge wat bedoel is om gebruik te word en te vergaan, en dit is maar net gebooie en leerstellings*

*van mense. [23] Hierdie leerstellings het wel 'n skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die beteueling van die sondige drifte nie."*

Hierdie saak het baie onduidelikheid onder die Christene uit die nie-Joodse volke geskep. Dit kon ook daadwerklik tot 'n skeuring lei tussen die Christene uit die nie-Joodse volke en Christene uit die Jode.

Dit was die rede vir die eerste groot kerkvergadering van apostels in Jerusalem tien jaar voor Paulus hierdie brief aan die Christene in Rome geskryf het.

"*Daar het mense van Judea af gekom en die gelowiges wysgemaak: "As julle nie die gebruik van Moses nakom deur julle te laat besny nie, kan julle nie gered word nie." [2]
Toe Paulus en Barnabas hulle daarteen verset en in 'n heftige meningsverskil met hulle betrokke geraak het, is daar besluit dat hulle twee en nog 'n paar ander van die gemeente na die apostels en ouderlinge in Jerusalem moet gaan in verband met hierdie vraagstuk. [3]
Nadat die gemeente hulle van die nodige vir die reis voorsien het, het hulle deur Fenisië en Samaria gegaan en vertel van die bekering van die heidene. Hieroor was al die gelowiges baie bly. [4] Toe hulle in Jerusalem aankom, is hulle deur die gemeente, die apostels en die ouderlinge verwelkom. Hulle het vertel wat God alles deur hulle gedoen het, [5] maar party van die gelowiges wat vroeër Fariseërs was, het na vore gekom en gesê: "Die bekeerlinge moet besny word en aangesê word om die wet van Moses te onderhou."*
(Hand.15)

Paulus se besorgdheid hieroor was ook nie ongegrond nie.

Lukas wys ons dat dit juis die Joodse Christene was wat daarop aangedring het dat hy die tempel gaan besoek ter wille van die onsekerhede onder die Joodse Christene in Jerusalem. Hulle versoek was die direkte aanleiding tot die inhegtenisname van Paulus, wat hulle nie voorsien het nie.

Paulus was deeglik bewus van die spanninge waarbinne hy moes optree om die Evangelie te verkondig en die waarheid van die Evangelie te handhaaf teenoor die persepsies van Jode en nie-Jode.

"*[17] By ons aankoms in Jerusalem het die broers ons hartlik ontvang. [18] Die volgende dag het ons saam met Paulus na Jakobus toe gegaan. Al die ouderlinge was daar teenwoordig. [19] Paulus het hulle gegroet en in besonderhede vertel wat God deur sy diens onder die heidene gedoen het. [20] Toe hulle dit hoor, het hulle God geprys en vir Paulus gesê: "Jy sien, broer, hier is duisende Jode wat gelowig geword het, maar almal onderhou die wet van Moses nog stiptelik. [21] Hulle het gehoor dat jy al die Jode wat onder die heidene woon, leer om van die wet van Moses af te sien. Jy sou hulle geleer het om nie meer hulle kinders te laat besny nie en om nie die Joodse gebruike te onderhou nie. [22] "Wat moet ons nou doen? Hulle sal beslis te hore kom dat jy hier is. [23] Maak nou soos ons vir jou sê. Hier by ons is daar vier mans wat 'n gelofte afgelê het. [24] Neem hulle saam met jou vir die reinigingshandeling en betaal die koste daarvan, sodat hulle hul hare kan laat afsny. Dan sal almal weet dat nie een van die gerugte wat oor jou versprei word, waar is nie, maar dat jy self die wet onderhou. [25] Ons het tog al vir die gelowiges wat vroeër heidene was, laat weet van ons besluit dat hulle nie vleis wat aan 'n afgod geoffer is, en bloed en 'n dier wat verwurg is, moet eet nie, en dat hulle onsedelikheid*

*moet vermy." [26] Die volgende dag het Paulus die manne geneem en die reinigingshandeling saam met hulle verrig. Hy het tempel toe gegaan en kennis gegee op watter dag die reiniging verby sou wees, wanneer die offer vir elkeen van hulle gebring sou word.[27] Toe die sewe dae van die reiniging byna om was, het Jode van die provinsie Asië vir Paulus by die tempel gesien. Hulle het die hele skare aangehits en vir Paulus gegryp.*

Binne hierdie godsdienstige druk en gemoedstoestand skryf Paulus 'n brief aan die gelowiges in die hoofstad van die Romeinse Ryk – Rome.